
# VONKK 141
# Want Die Here Is My Herder
## (Respons by die lees van Psalm 23)

*Refrein:*




*Voorleser:*
Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.
Hy laat my rus in groen weivelde.
Hy bring my by waters waar daar vrede is.
Hy gee my nuwe krag.

*Refrein:*
**Want die Here is my Herder:**
**niks sal my ooit ontbreek nie.**

*Voorleser*
Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam.
Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my.
In u hande is ek veilig.

*Refrein:*
**Want die Here is my Herder:**
**niks sal my ooit ontbreek nie.**

*Voorleser*
U laat my by ‘n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet toekyk.
U ontvang my soos ‘n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid.
U goedheied en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees
in die huis van die Here tot in lengte van dae.

*Refrein:*
**Want die Here is my Herder:**
**niks sal my ooit ontbreek nie.**

*Psalm 23:1 (refrein)*
Teks refrein: Daleen Kruger 2010 *(Pro Deo)*
Teks vir voorleser: DIE BYBEL - Nuwe Vertaling 1983
Melodie: Joseph Gelineau (1920-2008)
Orrelbegeleiding: Daleen Kruger 2010 *(Pro Deo)*
© Teks refrein en orrelbegeleiding: 2011 VONKK Uitgewers (admin Bybel-Media)
© Teks Psalm 23: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming gebruik.
© Melodie: 2005 Uitgeverij Kok, Kampen, Nederland

**RUBRIEK: Meditatief - Geloof en Vertroue**

VONKK